

Toespraak by die inhuldigingsgeleentheid van Dr Frederik Van Zyl Slabbert as Kanselier van die Universiteit Stellenbosch

**Prof H Russel Botman
1 Augustus 2008**

Minister Naledi Pandor; Voorsitter van die Raad, dr Paul Cluver, en geagte lede van die Universiteitsraad; verteenwoordigers van ander hoëronderrysinstellings; hoogwaardigheidsbeksleërs; kollegas; dames en here; goeienaand en welkom by die inhuldigingseremonie van dr Frederik Van Zyl Slabbert as die nuwe Kanselier van ons Universiteit.

Vyftien maande gelede het ek in my inhuldigingsrede gesê dat ek trots is om die Rektorskap van die Universiteit oor te neem op 'n tydstop waarin ons Universiteit en ons land velerlei uitdagings die hoof moet bied. Hierdie is vir my weer so 'n oomblik. Die inhuldiging van Dr Van Zyl Slabbert as nuwe Kanselier van die Universiteit, staan in die teken van ons Universiteit as 'n instansie wat beweeg met die eise van die tyd as aktiewe en relevante rolspeler in die vorming en beslaggewing van die toekoms van ons land.

Stellenbosch is bekend daarvoor dat hy leiers opgelewer het wat op uiteenlopende wyses vormende invloed gehad het op die verloop van die geskiedenis van hierdie land. Ons is teen hierdie tyd oorbewus daarvan dat Stellenbosch bekend staan as die wiegie van apartheid – om verstaanbare redes – en ek is op rekord dat ek gesê het dat geen verskoning of apologie die skade wat apartheid aan ons land en sy mense aangedoen het, ongedaan kan maak nie.

Maar dis ook nie die enigste verhaal van Stellenbosch nie dit is ook bekend vir die andersdenkendes of alternatiewe stemme wat hy opgelewer het – mense wat nie klakkeloos vewronge ideologieë nagevolg het nie, maar juis die stem van die veronregtes en die sosiale gewete onder neerdrukkende omstandighede verteenwoordig het. Baie is verwerp en verguis. Hulle is na die periferie van die samelewing gestoot en verstoot, by tye bespotlik gemaak, as verloënaars en verkondigers van dwaalleringe afgemaak, in tronke opgesluit en party moes hul lewe onder huisarres slyt. Maar die gees van hul vryheidsdenke en hul oortuiging van die waarde van die ewemens kon nooit tussen die vier mure van 'n tronksel opgesluit word nie. Dit is nou die gees van Stellenbosch wat nog altyd hier was en wat gevier, vertroetel en verewig moet word. En daaraan gee ons as Universiteit tans intens aandag.

Dit is in hierdie gees dat ek u vandag verwelkom by die inhuldigingsgeleentheid van een van die ander stemme van Stellenbosch. Dr Frederik Van Zyl Slabbert het hier as student en dosent reeds sy ongedurigheid en misnoeë te kenne gegee met 'n regering en politieke orde wat hy as onaanvaarbaar beleef het. Vir

die meeste van u is sy latere stroomop-strewes en politieke aktivisme welbekend en ek sal nou 'n bietjie meer sê oor sy lofryke loopbaan.

Ek wil net 'n oomblik stilstaan by 'n paar fasette van die mens Frederik Van Zyl Slabbert in die konteks van die ander stemme van Stellenbosch. Vir my is daar 'n paar eienskappe wat hom onderskei:

- Sy uitgesprokenheid in die aangesig van onreg. Dwarsdeur sy lewe was dr Slabbert bekend as 'n man wat bereid was om alles op die spel te plaas vir dit waarin hy glo. Tydens sy studentejare aan die Universiteit Stellenbosch het hy in politiek begin belang stel en die ideologie van Apartheid verwerp. In 'n poging om op studentevlak 'n verskil te maak, het hy homself verkiesbaar gestel vir 'n posisie op die Studenteraad (SR), maar hy is nie verkies nie omdat sy politiek as te liberaal beskou is. Jare later, op die kruin van sy politieke loopbaan, het dr Slabbert wéér opgestaan vir wat hy glo en in 1986 uit die Parlement bedank, omdat hy in die konteks van die destydse Suid-Afrikaanse samelewing en die groeiende tekens van politieke en burgerlike konflik die Parlement as irrelevant bestempel het.
- 'n Tweede eienskap is sy onverbidelike geloof in dialoog en eerlike gesprek tussen outentieke gespreksgenote. In 1987, net 'n jaar nadat hy verklaar het dat die Parlement irrelevant is, het hy 'n koersaanduidende en historiese besoek saam met 'n groep van hoofsaaklik Afrikaanse politici, akademici en sakemense na Dakar in Senegal onderneem om met die verbode African National Congress (ANC) in gesprek te tree. Hierdie konferensie, wat later as die Dakar Konferensie bekend gestaan het, is deur dr Slabbert en dr Alex Boraine gereël onder die beskerming van die Instituut vir Demokrasie in Suid-Afrika (Idasa), waarvan dr Slabbert 'n stigterslid was. Hierdie gesprek met die sogenaamde vyand het die internasionale aandag aangegryp. Maar daar was ook ander wat in die geheim plaasgevind het – in die townships en plakkerskampe, en ver buite ons grense in Ghana, Nigerië, Lusaka, Harare en Burkina Faso.
- 'n Verdere eienskap is sy ingesteldheid en oortuiging om nie net dinge reg te doen nie, maar om met integriteit die regte ding te doen – ten koste van populariteit. 'n Mens hoef nie 'n ryk verbeelding te hê om te besef watter implikasies inisiatiewe soos die Dakar-beraad vir hom as liberale Afrikaner ingehou het nie. Maar ten spyte daarvan word hy vandag beskou as die een figuur wat 'n blywende invloed en impak gehad het op Afrikaner politiek en denke in die grondlegging van 'n vreedsame politieke oorgang na 'n Regering van nasionale eenheid en demokrasie wat in 1994 gevolg het.

Opsommenderwys, sou 'n mens kon sê dat hy die beginsel van kritiese burgerskap leef en in daardie opsig vergestalt hy 'n hoeksteen van die

Universiteit Stellenbosch se strewe in die lewering van studente wat ons groeiende demokrasie en die uitdagings van ons ekonomie ten beste kan dien.

Dit bring my by die uitdagings van die Universiteit Stellenbosch in die huidige tydsgewrig. Hoewel die kanselier 'n seremoniële amp beklee, voorsien ek vir hom 'n beduidende rol in die suksesvolle herposisionering van die Universiteit waardeur ons die US se akademiese uitnemendheid en internasionale status verder wil verhef, en ook die diversiteitsprofiel uitbrei as 'n multikulturele instansie wat gekenmerk word vir sy fokus op nie-rassigheid, vry van etnisiteit en seksisme. Dit is wat die Strategiese Raamwerk van 2000 van ons vra en die Raad van die Universiteit het hierdie mandaat vroeër vanjaar herbevestig.

Op hierdie weg lê daar vir die US verneme uitdagings. Ek het reeds by verskeie geleenthede verwys na die uitdagings van relevansie, betekenisvolheid en groter toeganklikheid vir almal binne die konteks van ons Visie 2012. Ek wil graag een belangrike uitdaging uitlig:

Die huidige deelname koers aan Hoër Onderwys vir Afrikaanssprekende bruinmense en swart mense in die algemeen is tragies. Die diskrepanse van die deelname koers van wit Afrikaanssprekende mense teenoor bruin Afrikaanssprekende mense is skrikwekkend. Gebaseer op die laaste sensussyfers is die deelname koers van Afrikaanssprekende bruinmense aan die Hoër Onderwys 4,5%, terwyl wit Afrikaanssprekende mense se deelname koers in die orde van 51% is. Die deelname koers vir Engelsprekende witmense is in die orde van 72% en dié van African Blacks is 11%. Hierdie is 'n onheilsprentjie vir ons groeiende ekonomie en bied besondere uitdagings vir al ons Universiteite, maar vir die US in besonder.

Dit plaas uiteraard geweldige druk op die volledige onderwysketting – van primêre onderwys deur sekondêre skole tot by tersiêre onderwys. Die US is hard aan die werk om hierdie uitdagings die hoof te bied en verskeie ontwikkelingsprogramme is reeds op verskillende vlakke in plek. Ons Kanselier is in sy persoonlike hoedanigheid ook betrokke by uiteenlopende ontwikkelingsinisiatiewe en dit maak net sin dat ons sinergieë identifiseer in ons strewe om ons kritieke onderwys- en ontwikkelingsbehoefte aan te spreek.

Op hierdie manier kan die lang verbintenis wat Dr Slabbert met die US het, 'n nuwe dimensie verkry. Dr Slabbert het 'n lang en luisterryke verbintenis met die Universiteit Stellenbosch. As 'n skrandere student het hy vier grade hier verwerf – 'n BA-graad in 1961, 'n HonsBA (cum laude) in 1962, 'n MA-graad (cum laude) in 1964 en die graad DPhil in 1967. In hierdie tyd was hy ook inwonende hoof van die Majuba- en Simonsberg manskoshuise – maar hy is 'n trotse en miskenbare Wilgenhoffer.

Hy het verskeie onderrigposisies beklee – as dosent aan die Universiteit Stellenbosch, asook by Rhodes Universiteit en die Universiteite van Kaapstad en

Witwatersrand. In 1972 en 1973 was hy Professor en Hoof van die Departement Sosiologie aan die Universiteit van die Witwatersrand.

'n Jaar later word hy lid van die Progressiewe Party, en in dieselfde jaar word hy genomineer om vir Rondebosch in die algemene verkiesing te staan. Hy klop die kandidaat van die Nasionale Party (NP) met 1 600 stemme. In 1979 neem hy by Colin Eglin as leier van die Progressiewe Federale Party (PFP) oor en word hy die jongste leier van die amptelike opposisie in die land se geskiedenis. Vanaf 1979 tot 1986, terwyl hy die party gelei het, het hy ook 'n betekenisvolle invloed op die party se ideologie uitgeoefen. Slabbert het ook as Voorsitter van die party se Grondwetlike Komitee gedien.

Dr Slabbert het verskeie boeke gepubliseer, insluitend 'n boek wat hy saam met professor D. Welsh geskryf getiteld *South Africa's Options: Strategies for Sharing Power* (1979), sowel as *The Last White Parliament* (1986), *The Quest for Democracy* (1992), *Afrikaner Afrikaan* (1999), *The System and the Struggle* (1990) en *The Other Side of History* (2006).

Hy is die ontvanger van die Abe Bailey Reisbeurs, was 'n navorsingsgenoot aan die Bergstraesser Instituut vir Maatskaplike Navorsing in Freiburg, Duitsland (die voormalige Wes-Duitsland) in 1977 en het ook die American Cultural Exchange Scholarship ontvang. In 1982 was hy 'n besoekende genoot aan die Massachusetts Institute of Technology (MIT). Vyf jaar later is hy gekies as die Tanner-dosent aan Oxford se Brasenose College. Dr Slabbert is ook 'n voormalige besoekende genoot (oftewel Fellow) van All Souls College, Oxford.

Ná sy amptelike aftrede uit politiek het dr Slabbert 'n voltydse politieke analis en konsultant vir 'n verskeidenheid maatskappye geword. In 1993 het hy die Open Society Foundation for Southern Africa (OSFSA) gestig en in 1995 die Open Society Initiative for Southern Africa (OSISA). Hy is tans nie-uitvoerende voorsitter van Caxton & CTP Uitgewers en Drukkers (Bpk) en van Adcorp (Edms) Bpk, wat beide genoteerde maatskappye is. Hy dien ook op die direksie van FirstRand Ltd.

Dr Slabbert het eredoktorsgrade van die Simon Fraser Universiteit in Kanada, en van die Universiteit van die Vrystaat en van KwaZulu-Natal.

Hy het in 2003 na sy *alma mater* teruggekeer, hierdie keer as voorsitter van 'n paneel met die opdrag om ondersoek in te stel na sogenaamde vigilante aanvalle deur studente op studente. Die 25-bladsy verslag wat vrygestel is, het daarop gewys dat dit dringend noodsaaklik was dat die koshuise en kampuskultuur aan hierdie Universiteit 'n nuwe basis moet kry en dat dit wat as studentepret beskou is, dikwels strydig was met die Grondwet en die Handves van Menseregte.

Sy Kanselierskap van die US verteenwoordig 'n tuiskoms vir dr Van Zyl Slabbert en ons sien uit na 'n lang en vrugbare verhouding wat deur konstruktiewe betrokkenheid in die ondersteuning van die dringende opvoedkundige behoeftes van ons land gekenmerk word. Al wat vir my oorbly om te sê is: "Welkom tuis, dr Slabbert".

Einde.